Flower Power
…ek doen dit self…

'n Lewensskets deur Madelaine van Heerden

Moet tog nie dink ek is 'n liberale feminis wat my "bra" sal verbrand om 'n stelling te maak nie. Inteendeel - ek hou van fyn ondergoedjies en kyk graag in my man se oë vir hulp. Maar een ding van op 'n Karooplaas bly en getroud wees met 'n boer wat beweer hy het sewe duime: jy leer om iets self te doen - veral as jy dit NOU gedoen wil hê.

Gou het ek geleer, as iets nie M, E, R, I, N, O gespel word nie, is my kanse skraal om my man se prioriteitslys te haal. Hoe dikwels as ek vir hulp in die tuin vra moes ek nie al hoor nie: "die tuin lam nie." Die dat as die kat weg is, hierdie muis beslis baasspeel.

So het ek 'n jaar gelede my kans gebruik om die jong, wat my in die tuin kom verras het, van sy skoonmakery te verlos. Ek het groter planne vir die dag gehad. 'n Man was nodig om letterlik 'n paar klippe vir my uit die pad te rol. Onkruid kon ek mos altyd later op my eie uittrek.

Die idee was om my nuutgevestigde grasperk met 'n plaat klippe af te rond. Vragte plat klip moes hiervoor aangery word. Ek en Transkei het die veld ingevaar om hier een op te tel, en dan weer daar een te lig. Nooit is daar te veel bymekaar gegaps nie, want die Karoonatuur moes nie skade ly nie.

Aanvanklik het ons tweemansskap die "Karoogoud" klip-vir-klip aangegee, op die bakkie gelaai, die klap toegeslaan…en daarna stadig oor die stofpaaie die tog huiswaarts aangedurf, waar dit weer klip-vir-klip afgelaai is. Wat 'n proses! Later het die klap sommer oopgebly, en is die klippe sommer net 'n armlengte ver ingestoot.

Vrag vir vrag. Stadig maar seker. Só het die hoop klippe langs die grasperk gegroei. Ek hou van vordering. Maak elke dag lysies van al my dinge-om-te-doen en trek dit dan een vir een met 'n helder merker deur soos wat ek elke taak afhandel. Die aanryery alleen, was dus geensins stimulerend genoeg vir hierdie vrou nie. Lank voordat daar genoeg plaveisel was, het ek dit goedgedink om met die uitleg van die klippe te begin.

Die grondoppervlak is losgekap en gelyk gehark. Maar een ding van klip: die een is dik en die ander is dun. Soms moes ek dus grond uitgrawe om 'n groot klip te sink, sodat hy min of meer gelyk kon lê met die maat langsaan. Die klippe moes boonop in mekaar se hoeke en rondinge soos 'n legkaart pas. Glo my dit was harde werk. Veral swaar op die rug, rof op die knieë, en grof op die hande.

Kort voor lank was dit skemer en die taak vir die dag vêr van afgehandel. Vandag, 'n jaar later, is my klip steeds nie klaar gepak nie. Ek sien gewoonlik kans vir baie: verf my huis, stop gate, teël vloere en verbind kragproppe…maar vir hierdie jop is ek beslis nie mans genoeg nie.

Langs my voorstoep lê 'n monument ter herinnering: 'n vrou bly maar afhanklik van 'n man - veral wat "gewigtige" sake aanbetref. Om my klippe gepak te kry, het dit dalk tyd geword om Dombietersfontein se boer met 'n ander aanslag te benader. Ene waar fyn ondergoedjies - of die gebrek daaraan - 'n hoofrol kan speel.